SOMERFEES

Die Susters se verkoping vind Saterdag 2 NOVEMBER 2024 plaas. Ons begin om 08:30 tot 12:00.

." Die Somerfees op 2 November is om die draai. Mooi tuisgemaakte geskenkies of ander naaldwerk items is baie welkom asseblief. Daar is ook altyd 'n aanvraag vir lekker tuisgebak. Items kan Saterdagoggend by Gebak- en Naaldwerktafel afgelewer word. Baie dankie. Elsa Reinecke

So bietjie ekstra bederf vir die SOMERFEES, gaan ons saam met die worsbroodjies (R30) ook pap en wors met heerlike tuisgemaakte tamatie- en uiesous verkoop. (R30) Kom ondersteun ons gerus. Nelis en Dina

VAN DIE SUSTERS

Die bestuur van die Susters het die afgelope week vergader en die volgende sake het aan die orde gekom.

Daar is hierdie jaar kaartfasiliteite beskikbaar om te betaal vir u aankope.

Daar word 'n groot, veelkleurige banier gemaak met alle besonderhede van ons verkoping daar op gedruk. Dit gaan by ons parkeerterrein opgehang word sodat gemeentelede en ook verbygangers dit kan raaksien en so geïnspireer word om ons verkoping te ondersteun.

Lidmate word aangemoedig om vriende en familie saam te nooi na ons verkoping. Daar is soos elke jaar ook weer koek en tee/koffie/koeldrank beskikbaar in ons teetuin.

JAAR-EIND-KUIER

Ten slotte word die gemeente uitgenooi na ons jaar-eind-kuier. Dit vind plaas op **Saterdag 30 November 2024 om 10:30** in ons saal en word deur die bestuur van die Susters aangebied.

Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Hartlike Sustersgroete



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 34 Sondag 27 Oktober 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 5 **Nelis Coetsee** en Wyk 6 **Flip Mostert.**
Diakens: Wyk 5 **Geert Stoop** en Wyk 6 **vakant.**
Skinkbeurt: Wyke 5 & 6. Wyksusters Dina Coetsee en Ineke Bakker

EREDIENSTE Oggenddiens word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

Hervormingsondag

Dit sal Donderdag (31 Oktober) 507 jaar gelede wees dat Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg opgesit het om daarmee openbare gesprek oor die toestand van die Roomse Kerk te vra. Die Roomse Kerk van sy tyd is algaande meer deur die mens en sy instellings oorheers, dat Christus nie meer die sentrale boodskap van die kerk was nie.
Só het die altaar waar die afgodsdiens van die mis bedien word, die Woordbediening vervang; die sakramente is nie meer gesien as tekens en seëls (sigbare Woordbediening) nie, maar as iets wat self saligmakende krag het; beeldediens is in die kerk ingevoer; die on-Bybelse leer van die vagevuur is ingevoer en daarby is die aflaat-stelsel ingevoer: as jy jou sonde by die priester bely en 'n bedrag geld betaal, word jou sonde vergewe en ontvang jy as bewys daarvan 'n aflaatbrief.
Teen hiérdie Christusverdringende praktyke het Luther beswaar aangeteken en wou hy van binne die Rooms-Katolieke kerk hervorming bewerk. Sy besware kan soos volg opgesom word:

◊ berou is 'n lewensproses en nie iets wat soos 'n kooptransaksie in oomblikke afgehandel word nie;

◊ God alleen vergewe sondes en geen mens nie (ook nie die pous nie);

◊ die aflaat en ander gebruike wat daarmee verband hou, is on-Bybels;

◊ die weelde van die Rooms-Katolieke kerk staan teenoor die liefdestaak van die kerk;

◊ teenoor verdienste uit goeie werke verkondig die evangelie die genade van God en 'n dankbaarheidsantwoord van goeie werke;

◊ die leer van die vagevuur is on-Bybels;

◊ die koop van aflaatbriewe is dwalinge – ons word met God versoen deur Christus wat die straf gedra het.

Uit die kerkhervorming het ons die erfskat van die vyf solas:

Sola Gratia: Uit genade alleen word ons gered.
Solus Christus: Die verlossingswerk van Jesus Christus alleen verdien vir ons vergifnis.
Sola Fide: Alleen deur geloof (wat God die Heilige Gees werk) word die vergifnis ontvang.
Sola sacra Scriptura: Die Woord van God alleen is gesagvol en genoegsaam.
Soli deo Gloria: Die sin van 'n mens se bestaan is om aan God alleen die eer te gee.

OGGEND: Woordbediening: Matteus 13:1-9; 18-23.
Fokusverse: Matteus 13:1-9; 18-23.
TEMA: *Die Woord van die Here bring lewe, onderhou lewe en gee die ewige lewe - hoor dit, verstaan dit en dra die vrug wat God verwag.*
Sing: Psalm 119: 39, 48; Psalm 33: 1, 2, 5; Psalm 19:6, 7; Skrifberyming 4-8: 1, 2; Psalm 89: 3, 6.
Bede met meelewing: Psalm 128: 4.

AAND: Vanaand se aanddiens is 'n gesamentlike erediens met die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom. Die erediens vind om 18:00 in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult plaas. Ds. Jaco Lemmer sal in die erediens voorgaan. Dit staan onder toesig van die Gereformeerde Kerk Cachet.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Thusofonds***
(Spesiale kollekte volgende week: ***Teologiese Hulpfonds*****)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Wynand Putter is op advies van die spesialis op Klerksdorp, nie die afgelope week geopereer nie,. Die abses word nou lokaal behandel en ons verseker hom en Gene en hulle dierbares van ons voorbidding.

Pieter Glöy se oogoperasie het suksesvol afgeloop en ons dank ons hemelse Vader daarvoor, asook vir die gawes wat Hy aan die geneesheer gegee het. Ons bede is dat die herstelproses ook geseënd sal verloop.

Jeanette Fourie sterk steeds aan en ons bid vir die verdere herstelproses.

Wymie du Plessis se swaer, Ferdinand Postma het die afgelope week twee noodoperasies in Medikliniek ondergaan. Ferdinand en Corrie was voorheen lidmate van ons gemeente. Hulle was in Potchefstroom vir die belydenisaflegging van hulle klein-seun. Ons verseker Wymie, Ferdinand en Corrie van ons voor-bidding vir hulle.

Susan Nortjé het Dinsdag 'n prosedure in Mooimed Hospitaal ondergaan. Sy is dieselfde dag ontslaan en moes vir 'n paar dae bedrus neem vanweë die pyn. Ons bede is dat Susan en Koos en hulle geliefdes elke dag die liefde en trou van ons hemelse Vader sal ervaar.

Fanie Jooste is Dinsdag weer opgeneem vir verdere toetse nadat hy verlede week ook opgeneem was. Ons verseker hom, Ems en Pieter en Brechtje-hulle van ons voorbidding.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!
Donderdag 31 Oktober is **Flip en Leana Mostert** 48 jaar getroud en **Wynand en Gene Putter** is 43 jaar getroud. Baie hartlik geluk aan die twee egpare.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons is saam met **Nico en Sarie Spaumer** dankbaar. Hulle oudste kleinkind het hierdie naweek in die huwelik getree. Mag ons hemelse Vader die huwelik ryklik seën tot sy eer.

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van **Hennie en Magda Viljoen** wie se dogter **Anélrie met Tommie Ferreira** in die huwelik getree het. Anélrie het op Hartswater skoolgehou en Tommie is werksaam in Daniëlskuil, waar die egpaar hulle gaan vestig.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terugbring.

Ons is dankbaar dat **Gert Kruger** die week terug-gekeer het van sy besoek aan Duitsland en Switerseland. Gert het die afgelope week ná sy terugkeer las gehad van ernstige griep en ons bid hom volkome herstel toe.

Alhoewel ons hulle Sondag reeds by wyse van die afkondigings verwelkom het, is ons dankbaar dat **Frans en Pietro Drijfhout** weer terug is na hulle wegbreek na Stilbaai. Hartlik welkom terug!

TUISVERSORGING:

Indien daar van ons lidmate is wat behoefte het aan 'n person wat van ons bejaarde lidmate tuis kan help versorg, vra ons dat u met Prof Callie in verbinding sal tree.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	27/10	**Malie Wyma**. Wyk 1
Ma	28/10	**Jana van Ryssen.**. Wyk11
Do	31/10	**Cathrien de Jager.**. Wyk 9
		Lina Minnaar (97). Wyk 11
Vr	01/11	**Pieter Jooste.**. Wyk 4

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	29/10	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	30/10	18:00	Bybelstudie – Markus (Studie 3)	**Konsistorie**
Sa	**02/11**	**08:30**	**SOMERFEES**	**KERKTERREIN**
So	03/11	15:30	Erediens Huis Eikelaan Ds H S Coetzee	Kapel
So	**17/11**	**09:30**	**NAGMAAL en Gemeente-ete**	**Kerkterrein**

KATKISASIE	Sondag 27 Oktober	Sondag 3 November
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 26 Skrifberym.1- 4:3 r 3-4 Sondag 52a Eksodus 20: 15	Les 27 Skrifberym. 1 - 4: 3 Sondag 52b Eksodus 20: 16
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 5 Graad 7: Wyk 6	Graad 1 & 2: Wyk 7 Graad 3 & 4: Wyk 8
Hoërskoolkatkisasie	Les 20	Les 21

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 29 Oktober om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel. Op **30 Oktober sal Studie 3** van die Markusevangelie behandel word.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

KARWAGTE: Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte. Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

SOMERFEES 2 NOVEMBER 2024 – KERRIE EN RYS

Indien daar susters en broers is wat kan kom help om by die stalletjie bakkies kerrie-en-rys te skep kan hul name opgee by **Ineke Bakker** (Sameroeper) vandag nog. 'n Rooster kan dan saamgestel word met tye van diensbeurte soos wat dit die helpers sal pas. - *Ineke*

WITOLIFANTTAFEL: SOMERFEES

2 NOVEMBER 2024



Ek is seker dat daar nog artikels in jou huis is wat rondlê en nie gebruik word nie, dié artikels kan 'n juweel wees vir ander.

Artikels kan voor 2 November by die koster, Pieter Bouwsema afgegee word of by die kantoor of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.

Navrae by Flip Mostert

Kom ondersteun ons restaurant in die skadu van die bome. Daar word heerlike koek en koffie of tee en koeldrank vir jou bedien. Kom kuier gesellig saam.

Die tyd het uiteindelik aangebreek vir die SOMERFEES
Die Susters nooi almal uit om ons te ondersteun.
Dit gaan 'n groot geselligheid wees. Julle kan uitsien na
Pannekoek, Poedings, Gebak, Naaldwerk, Teetuin,
Worsbroodjies, Wit olifanttafel, Kerrie-en - Rys,
Vermaak vir die kinders en nog meer.
Kom kuier saam vanaf 08:30 – 12:00 in die kerksaal.
Lidmate is vry om familie en vriende te nooi om die oggend saam met ons te kom geniet.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 5 en 6 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet